

## **Praktiese riglyne by keuse van 500g druiwe punnet deksels**

Dawie Moelich, ExperiCo, Tel: 021 – 887 1134, dawie@experico.co.za

Uit fresh NOTES nr. 8: “This study focuses on the effect of punnet lid venting and SO<sub>2</sub> sheet type on the post storage quality maintenance of export table grapes packed in 500 g cartons (B05D configuration).”

Na aanleiding van verskeie navrae het Dawie Moelich praktiese riglyne t.o.v 500 g druiwe punnet deksels saamgestel. Neem in ag dat hierdie riglyne vir gebruik saam met SO<sub>2</sub> velle is en dat dit dus nie so krities by organiese druiwe is nie.

1. Die verskeidenheid variasies wat beskikbaar is in die bedryf veroorsaak wel 'n mate van onsekerheid. Die area van die openinge op die verskillende 500g deksels soos beskikbaar in die bedryf, wissel tipies van 7 tot 15 cm<sup>2</sup>. Spesifieke vervaardigers/voorsieners word nie voorgeskryf nie en die ontwerpe verander dikwels. Produsente kan dus die punnet vervaardiger/voorsiener kies op grond van die normale kommersiële norme, met inagneming van onderstaande punte, asook u mark se vereistes.
2. Die tegniese riglyn wat voortspruit uit die navorsingsprojek is dat die area van die openinge in die deksel so na as moontlik aan 15 cm<sup>2</sup> moet wees om bederfbeheer toe te laat. Groter openinge, behalwe vir deksel-lose punnets, is nog nie getoets nie. Kleiner openinge kan SO<sub>2</sub> penetrasie beperk en bederfbeheer verminder. Die patroon van die openinge (bv. ronde gate of venstertjies of kombinasies daarvan) is met ons huidige kennis slegs van estetiese belang maar inaggenome algemene kennis van SO<sub>2</sub> is n “eweredige” verspreiding van openinge verkieslik bo 'n konsentrasie van openinge in 'n bepaalde area (bv. net op die rante van die punnet deksel). Die idee word soms verkry dat sommige druiwe aankopers, vanuit 'n estetiese oogpunt, die ontwerpe met minder of klein openinge verkies. Wees dus veral bedag in gevalle waar die aankoper 'n spesifieke punnet tipe voorskryf.
3. Bepaal dus die aankope van punnets op grond van die area van die openinge, soos wat voorsien gaan word deur die vervaardiger/voorsiener in die nuwe seisoen en nie noodwendig op geskiedenis nie. Meet om te weet!
4. Die area van die ronde openinge kan bepaal word met die formule:  $\pi r^2$  ; Meet die deursnit van die ronde opening en deel deur twee om die radius te verkry, kwadreer die radius, vermenigvuldig met  $\pi$  en vermenigvuldig weer met die aantal ronde openinge.
5. Die area van die reghoekige venstertjies word as volg bepaal: lengte x breedte x aantal venstertjies.